# WATERBESPARINGSWENKE

Afrikaans



## In en om die huis/besighede

- Moenie krane aanhoudend laat loop terwyl jy jou gesig was, jou tande borsel of skeer nie; maak dit tussenin toe.
- 'n Vyf-minute-stortbad per dag in plaas van 'n bad vol water, sal 'n derde van die water gebruik, waardeur jy tot 400 liter water per week kan spaar.
- 'n Stortbad kan tot 20 liter water per minuut gebruik.
- As jy verkies om te bad, moet jy nie die bad heeltemal vol water tap nie.
- 'n Bad kan tussen 80 en 150 liter water per bad gebruik.
- Gebruik laevloei-stortkoppe, dubbelspoel-toiletmeganismes en waterdoeltreffende wasmasjiene.
- Moenie jou ketel heeltemal volmaak nie; gebruik net genoeg water vir jou behoeftes. Dit sal jou elektrisiteitsrekening ook verlaag.
- Moenie houers soos kastrolle oorvol maak nie; dit kan lei tot hoër energieverbruik om die water te verhit.
- Deur die toilet se spoelvolume te verminder, kan 20% van die totale waterverbruik bespaar word. Dit kan gedoen word deur 'n 2-literkoeldrankbottel wat met water en 'n bietjie sand gevul word om dit swaarder te maak, in die watertenk te sit.
- Herstel toilette wat lek, 'n lekkende toilet kan tot 100 000 liter water in een jaar mors.
- Moenie die toilet onnodig spoel nie. Gooi snesies, insekte en ander afval in die vullisblik eerder as in die toilet. Elke keer as jy die toilet spoel, word 12 liter water gebruik.
- Gebruik "grys water" – dit is gebruikte water uit baddens, wasmasjiene en ander veilige bronne – om jou toilet te spoel.
- Moenie jou swembad oorvol maak of dit te veel terugspoel nie.
- Gebruik 'n emmer in plaas van 'n tuinslang om jou motor te was. As jy 'n tuinslang moet gebruik, gebruik 'n sproeier wat tussenin toegedraai kan word. 'n Tuinslang kan soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Moet nooit verf en chemikalieë in die drein afgooi nie.
- Boere moet seker maak dat hulle giftige insekdoders van waterbronne en -strome weghou.
- Fabrieke moet versigtig wees met die manier waarop hulle met kwiksilwer en ander swaar metale in afvalwater wegdoen.
- Mense wat in landelike gebiede bly, moet daarteen waak om nie riviere of rivierwalle as toilette te gebruik nie.

## In die tuin

- Lei jou plante altyd in die vroeë oggend of in die aand nat, wanneer dit koeler is. Tussen 10:00 en 15:00 kan tot 90% water deur verdamping verlore gaan.
- Nadat jy eiers gekook het, laat die water afkoel en gebruik dit om jou huisplante nat te lei.
- Fokus op inheemse plante of uitheemse plante wat nie water gebruik nie (maar nie indringer-uitheemse plante nie).
- Groepeer plante volgens hul waterbehoeftes en plaas 'n deklaag van strooimis om hulle.
- Lei tuine minder gereeld, maar deegliker nat. 'n Tuinslang kan soveel as 30 liter water per minuut gebruik.
- Verwyder alle indringerplante uit jou tuin.
- Water wat van dakke afloop kan in tenks geberg word om jou tuin mee nat te lei.
- Gebruik "grys water" – dit is gebruikte water uit baddens, wasmasjiene en ander veilige bronne – om jou tuin nat te lei.

government communications

Department:
Government Communication and Information System
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA